11 jaar +

# My Kreatiewe Bybel Joernaal

## Jakobus

*My kreatiewe*

# BYBEL JOERNAAL

Heuningsoet Woord & Gees

Psalm 19:10&11

'n Self-doen Bybelstudie vir kinders 9 tot 13 jaar.
Geskryf deur Carien Stander.

carien@hencar.co.za

Gedurende hierdie Bybelstudie Joernaal gaan jy aan verskillende kosbare Bybelstudietegnieke blootgestel word wat tot gevolg gaan hê dat jy die Woord van God beter gaan leer ken.
Tesame hiermee, sal jou geloof in God groei soos jou kennis van Hom toeneem.

Deur daagliks puntsgewys deur die temas te beweeg, gaan jy oor verloop van tyd:

- jou Bybelboeke beter leer ken
- Bybelkarakters leer ken as werklike persone
- ontdek wat sommige moeilike woorde in die Bybel beteken en leer om hulle te ontrafel
- leer om vanuit die Woord te bid
- meermale jou verbeelding aktiveer en inleef in Bybelse tekste
- verskillende Bybelstudiemetodes gebruik om dieper in die Woord te delf en lewend te maak vir jouself
- leer om die kern/ hart/ tema van 'n teks te identifiseer
- met groter aandag en intensie Bybelverse bestudeer
- leer hoe om die waarhede van die Woord deel van jou eie lewe te maak (toepassing)
- leer om kern verse (waarhede) op 'n kreatiewe manier uit te beeld om die memorisering van die Woord in jou hart en gedagtes vas te lê
- besef dat Heilige Gees jou geliefkoosde en broodnodige Onderwyser is wanneer jy die Bybel bestudeer en ....
- 'n lewenslange fondasie vorm waarop jy die Bybel prakties deel maak van jou lewe om 'n groot liefde vir God se Woord te ontwikkel.

Mag hierdie studie tot seën wees vir jou!

# Wat is in hierdie Bybelstudie?


**Dag 1 :** Hoe om te glo

**Dag 2 :** Toetse, hoor en doen

**Dag 3 :** Om te oordeel

**Dag 4 :** Om te glo en te doen

**Dag 5 :** Die krag van jou tong

**Dag 6 :** Twee soorte wyshede

**Dag 7 :** Wêreldliefde en hoogmoed

**Dag 8 :** Kwaadpraat en afhanklikheid

**Dag 9 :** Waarskuwing en volhard

**Dag 10 :** Jou woorde en gebed

# Dag 1: Hoe om te glo

Jakobus is 'n boek propvol praktiese voorstelle aan God se kinders, oor hoe om reg te leef. Jy gaan ook leer hoe om rotsvas in jou geloof te staan.
Soek 2 Timoteus 3:16-17 in jou Bybel en voltooi die vers in die blokkie.



Die hele Skrif (Bybel) is deur ____________ geïnspireer en het groot ____________________ om in die waarheid te ________________, dwaling te ________________, verkeerdhede ______________________________ en 'n regte lewenswyse te __________________, sodat die __________ wat in diens van God staan, volkome ___________________ en ______________________ sal wees vir elke goeie werk. - 2 Timoteus 3: 16-17

1. **Gebed:** Doen 'n kort gebed voordat jy uit die Bybel lees: Vra vir Heilige Gees om jou te lei soos jy deur die Bybelverse gaan lees.

2. **Leeswerk:** Lees **Jakobus 1:1-11** aandagtig deur. Dink na oor elke versie soos jy daardeur lees. Stop gereeld en dink oor dit wat daar staan.

3. **Skryf- en oordinktyd:** Kies **'n paar woorde** wat **jou aandag getrek het** terwyl jy daardeur gelees het en skryf dit in die blokkies neer.

4. Kies **'n vers** of sin wat **vir jou uitstaan** en skryf dit op die lyne.


___________________________________________

___________________________________________

___________________________________________



5. **Woordbetekenis**: Verduidelik wat jy verstaan of gee sinonieme vir die volgende woorde:



| | |
|---|---|
| **'beproewings'** (vers 2). | |
| **'volhard'** (vers 3) | |
| **'rypheid'** (vers 4) | |

Verse 2-4 leer jou iets van **geloof**: dat jy moet aanou en aanhou bly glo in Jesus, regdeur jou lewe … selfs wanneer moeilike dinge met jou gebeur.

*Het dit al met jou gebeur dat jou ouers vir jou vra om jou speelgoed of lekkers met jou boeties, sussies of maats te deel? Dalk voel jy eintlik glad nie lus om gehoorsaam te wees nie. Wanneer jy dan 'tog maar' deel, doen jy dit met slegte, onwillige gevoelens. Jy kan dan dalk in jou hart dink: "Ek wens ek was nou eerder alleen sodat ek nie vir hulle ook hoef te gee nie…"*

6. In vers 5 lees ons 'n kosbare waarheid oor God raak. Wanneer ons wysheid benodig, kan ons vir God daarvoor vra en Hy sal in Sy grootheid en rykheid vir ons wysheid gee. Skryf die manier neer, wat beskryf hoe God aan Sy kinders wysheid gee (vers 5).

______________________________________________________

7. Teken die beeld wat vers 6-8 beskryf hoe 'n ongelowige gebed lyk. Skryf dan iets neer wat jy hieruit leer. (hoe om te bid/twyfel/om vas te glo/onvastigheid)

8. Teken die vergelyking wat vers 11 uitbeeld hoe 'n ryk persoon se lewenswyse voor God voorgestel kan word. Wat dink jy wil God vir jou hierdeur sê?



# *Dag 2:* Toetse, hoor en doen

Regdeur Jakobus leer God Sy kinders hoe om te lewe en wat Hy van hulle verwag. Die voorbeelde wat Jakobus noem is alles praktiese omstandighede wat mense elke dag op aarde voor te staan kom.
Lees 2 Timoteus 3:16-17 in jou Bybel en voltooi dan die vers in die blokkie.



Die hele ____________ (Bybel) is __________ __________ geïnspireer en het groot waarde om in die ____________________ te onderrig, _______________ te bestry, _____________________ reg te stel en 'n regte _____________________ te kweek, sodat die man wat in _____________ van God staan, __________________ voorberei en toegerus sal wees vir ____________________________.

- 2 Timoteus 3: 16-17

1. **Gebed:** Vra vir Heilige Gees om jou te help en vir jou die Skrif (Bybel) te verduidelik soos wat jy verder deur **Jakobus** gaan lees.


2. **Leeswerk:** Lees **Jakobus 1:12-27** hardop deur. Lees rustig en oordink die verse terwyl jy daardeur lees.

3. **Skryf- en oordinktyd:** Lees weer **vers 12**. Skryf dan voorbeelde neer, van watter verskillende tipes "versoekings"/"toetse" 'n mens in sy/haar lewe kan beleef.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

*Dalk het dit al gebeur dat jou ouers vir jou gesê het dat jy nie nog lekkers of koeldrank mag kry, nadat jy al reeds genoeg gehad het nie. Dit kan so moeilik wees, veral as jy so lus raak vir nog en nog! Terwyl jou ouers 'n middagslapie neem, kan jy nie meer wag nie, en word die begeerte vir nog iets soets in jou té groot. Jy dink dalk in jou hart: "Ek gaan nóg 'n lekkertjie vir my uit die kas haal, niemand sal dit sien nie. Dan sal ek die papiertjie saggies oopmaak, sodat niemand daarvan hoor nie." Jou begeertes sleep jou saam na die kas waar die lekkers gebêre word. Daar vat jy vir jou ietsie en smul in stilte daaraan. Jy weet dit was verkeerd, maar jou begeerte vir nog 'n soetigheid was net te groot!*



4. Skryf woorde in die vloeidiagram vanuit **vers 14-15** om die proses van ongehoorsaamheid as gevolg van versoeking uit te beeld.

Ek is lus vir 'n Iets soets.
'n Mens word verlei deur sy eie ________________________

Ek gaan kyk in die kas en vat ietsie...
... wat hom aanlok en ________________________

Die papiertjie moenie raas nie...
As die begeertes ________________ raak ...

Oe, dit proe lekker ! Ek voel nou beter!
Bring dit ______________ voort

Dit het gewerk ! Ek kan dit weer volgende keer skelmpies doen....
As die sonde ______________ word,

Sonder dat my ouers eers sal agterkom of weet...
... loop dit uit op die ______________ .

3. Skribbel ('doodle') **'n waarheid oor God**, wat jy in **die eerste sin van vers 17** raaklees. Versier die letters en skryf jou sin met mooi gekleurde penne.



Jakobus 1: 17a

4. Skryf **die kern** van **verse 19-20** neer. Hoe dink jy kan jy jou lewe verander deur op te tree soos hierdie verse jou leer?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

5. Skryf in kort neer wat jy verstaan die volgende verse jou leer. **Hoe moet jy optree of reg te lewe** as kind van God. **Volgens hierdie verse moet ek...**

| Vers 21 | Vers 22-24 | Vers 25 | Vers 26 | Vers 27 |
| --- | --- | --- | --- | --- |
| | | | | |

## Dag 3: Om te oordeel

Alhoewel Jakobus 'n Bybelboek is waar ons baie waarhede oor die regte lewenswyse as kind van God kan leer, moet jy onthou dat daar eintlik regdeur die Bybel voorstelle en voorbeelde is van hoe God se kinders behoort te lewe. Wanneer jy oplet hoe sekere Bybelkarakters gelewe het, kan jy daardeur ook sien wat God se hart bly maak of Hom bedroef. Voltooi die verse van 2 Timoteus 3:16-17 in die blokkie.



Die ________ Skrif (Bybel) is deur God ________________ en het ___________ _____________ om in die waarheid te ___________ (mense te leer), dwaling te __________ (teen te werk), verkeerdhede reg te stel en 'n regte _____________ (manier van lewe) te kweek, ____________ die man _________________________________, volkome voorberei en toegerus sal wees _______________________. - 2 Timoteus 3: 16-17

1. **Gebed:** Draai na Heilige Gees in jou hart en laat Hom toe om jou by te wees soos wat jy verder uit jou Bybel lees.

2. **Leeswerk:** Lees **Jakobus 2:1-13** rustig en nadenkend deur. Laat Heilige Gees toe om die woorde wat jy lees, in jou hart vir jou te verduidelik.

3. **Skryf- en oordinktyd:** Verduidelik in jou eie woorde wat die onderstaande woorde beteken. Gee ook sinonieme om hul betekenis duideliker te maak.

**'oordeel'** (vers 4)______________________________________________

**'minagting'** (vers 6)____________________________________________

4. Dink jy dat jy al geoordeel het? Vertel in 'n opsomming waar dit gebeur het en wié jy geoordeel het. Vertel ook hoekom jy dink jy dit gedoen het. Was jou optrede reg volgens **vers 1** se laaste gedeelte en **vers 9**?



*Verbeel jou jy speel alte lekker buite en is glad nie bekommerd daaroor om vuil te raak nie. Jy dra jou oudste klere: daardie rok of hempie wat alreeds uitgewas en byna verblyk is. Hierdie ou en geliefde kledingstuk dra baie lekker en is jou gunsteling! Jy is uitgenooi na 'n partytjie en kry nie tyd om ander klere aan te trek nie. Jou ouers roep jou en jy spring in die motor om saam te ry. By die partytjie aangekom, gebeur die onbeplande: jou maats kyk jou vreemd aan: hulle het hulle nuutste klere aan en jy...*

5. Lees weer **vers 2** en **3** en plaas jouself in die arm man se skoene. Hoe sal jy voel wanneer iemand by 'n partytjie of familiebyeenkoms dít vir jou sê?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

6. Het die feit dat jou klere dalk ouer en vuiler was, 'n invloed gehad op wie jy diep in jou hart is? Verduidelik hoekom jy so sê (dink aan 'n R10 noot wat opgefrommel word – beïnvloed dit die geldnoot se waarde?).

____________________________________________________________


____________________________________________________________

7. Ons kan meer leer van wie God is en hoe Hy optree en dink (sy karakter) wanneer ons in verskillende, weggesteekte Bybelverse oor Hom lees.
Blaai na **1 Samuel 16:7** en voltooi die tabel hier onder.

| | |
|---|---|
| Waarna mense kyk. | |
| Waarna God kyk. | |


8. Maak *'n lysie van mense wat jy dink jy maklik op hulle uiterlike kan oordeel*. Dalk is dit maats wat swaarkry of altyd eenkant speel. Dit kan dalk mense wees wat op die sypaadjie sit of selfs sekere familielede wat jy dink nie so 'cool' is nie. Skryf dan 'n kort gebed en vra vir Jesus om jou te help om elkeen van hulle volgende keer met liefde (sonder oordeel) te hanteer en te respekteer.

My gebed:



# *Dag 4:* Om te glo en te doen

Vandag gaan jy in Jakobus iets leer wat van groot waarde vir jou lewe sal wees. Wanneer die Bybel die mens leer **dat daar net een ware God is,** besluit baie mense vandag nogsteeds of hulle dit wil glo of nie. Elke mens moet self die besluit neem of hy/sy die woorde in die Bybel glo of nie. Jou geloofsbesluit sal jou optrede bepaal. Die geloofsbesluit wat jy maak, van dít wat jy glo as die waarheid, kan veroorsaak dat jy op 'n skere manier lewe - goed of sleg. Vul die ontbrekende woorde van 2 Timoteus 3:16-17 in die blokkie.



________________________ is deur God geïnspireer en
________________________ om in die waarheid te onderrig,
________________________, verkeerdhede reg te stel en
__________________________________, sodat die man
wat in diens van God staan, ________________________ en
toegerus sal wees ______________________. 2 Timoteus 3: 16-17

1. Gebed: Vra vir Heilige Gees om jou te lei terwyl jy verder uit **Jakobus** lees. Vertel vir Hom dat jy jou hart vir Hom oopmaak, sodat Hy Sy lig van Waarheid in jou hart kan skyn.

2. Leeswerk: Lees **Jakobus 2 : 14-26** rustig en nadenkend deur. Laat Heilige Gees toe om die woorde wat jy lees, in jou hart vir jou te verduidelik.


3. Skryf- en oordinktyd: **Vers 26** som vir jou vandag se stukkie in een sin op. Lees dit weer en voltooi die sin :

| | | |
|---|---|---|
| 'n Liggaam + | | = lewend |
| 'n Geloof + | | = lewend |

4. Skryf in jou eie woorde wat hierdie vers vir jou beteken en prakties leer.

____________________________________________

____________________________________________





*Dink bietjie hieroor na:*

**Sal jy jou ma glo wanneer sy vir jou sê dat sy vir jou lief is, maar sy hou jou nooit vas of versorg jou nooit met liefde nie?* _____________

** Sal dit reg wees om 'n troeteldiertjie te wil hê, maar wanneer jy hom kry, gee jy hom nooit kos, water en veilige slaapplek nie?* ________________

*Dit is dikwels maklik om iets te së, maar om jou woorde in dade om te sit, verg groter moed en inspanning. Jou optrede en gedrag, sal alleen 'n bewys wees om te kan sien of jy werklik dit wat jy së, bedoel.*

Praktiese voorbeeld: Ons lees so baie in die Bybel, van die regte lewenswyses wat God vir Sy kinders gee om volgens te leef. Dis alles goed en wel om dit te lees, maar om te kan sien of jou geloof regtig 'lewe', gaan afhang of jy dit DOEN wat God vra (al is dit moeilik).

5. Lees die onderstaande tabel en voltooi dan die opdrag wat God van jou vra. Merk dan in die blokkie of jy dit doen of nie, om te toets of jou geloof lewend is of nie.

| | Wat vra God van jou? | Doen jy dit? |
|---|---|---|
| Jakobus 4:11 | | |
| Hebreërs 13:16 | | |
| 1 Petrus 2:17 | | |



6. Skribbel die waarheid wat jy leer in **vers 17,** in jou eie woorde in die blokkie hier onder. Gebruik mooi letters en helder kleur penne of koki's.

*Jakobus 2:17*

7. Ek besef dat ____________________________________________

8. Ek wonder ____________________________________________

# *Dag 5:* Die krag van jou tong

Kyk of jy die twee verse van 2 Timoteus 3 al uit jou kop ken. Blaai dan na die gedeelte in jou Bybel en voltooi die woorde waarmee jy vashaak! 😊



Die hele Skrif ____________________ en het groot ____________ om in die ____________ te onderrig, dwaling te ____________, verkeerdhede reg te ____________ en 'n ____________ lewenswyse te ____________, sodat ____________ wat in diens van ____________ staan, volkome ____________ en ____________ sal wees vir elke goeie ____________.

\- 2 Timoteus 3: 16-17

1. **Gebed:** Doen 'n kort gebed voordat jy uit die Bybel lees: **Vra vir Heilige Gees om jou te lei** terwyl jy uit die Bybel lees. Vertel vir Hom dat jy **jou hart vir Hom oopmaak**, sodat Hy Sy lig van Waarheid in jou hart kan skyn soos wat jy verder deur die hoofstukke van **Jakobus** lees.

2. **Leeswerk:** Lees **Jakobus 3 : 1 – 12** hardop en met aandag deur. Dink na oor elke vers soos jy daardeur lees.

3. **Skryf- en oordinktyd:** Skryf 'n paar woorde neer uit die Bybelgedeelte wat jy deurgelees het, wat jou oog gevang het.

4. Die tong word in **vers 3** en **4** vergelyk met iets in die alledaagse wêreld. Verduidelik in jou eie woorde hoe die tong dieselfde is.

Die tong is soos 'n ____________________

(vers 3) ____________________.

Die tong is soos 'n ____________________

(vers 4) ____________________.



5. Skribbel **die waarheid van jou tong** wat jy leer in **vers 5** se eerste sin, in die blokkie. Gebruik jou eie woorde. Begin met: *My tong...*



Jakobus 3:5

6. **Vers 6** sê dat jou tong soos ________________________ kan wees. Verduidelik in jou eie woorde wat jy hieruit verstaan (dink aan 'n vuur wat in 'n weghol veldbrand kan verander!).

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________

7. Hoe kan jou tong partykeer vol *'gif'* wees (**vers 7**)?

_______________________________________________

_______________________________________________

8. Teken jou mond in die middelste blokkie. Voltooi dan **woorde wat uit jou mond kan kom** wat beskryf word soos in **verse 9 tot 12**. Jy kan ander slegte en goeie woorde ook in die blokkies invul wat daarin kan pas.

*Slegte woorde*

*My mond*

*Goeie woorde*

9. Skryf nou die laaste sin van **vers 10** in hoofletters op die lyn:

_______________________________________________

# Dag 6: Twee soorte wyshede

Voltooi die mooi Bybelverse wat jou leer hoekom die Bybel vir jou so waardevol is. Jy is 'n kind van God ('n man of meisie wat' in diens staan' van God). Verskillende verse in die Bybel kan jou voorberei en leer om reg te lewe.
Voltooi nou 2 Timoteus 3:16-17 in die blokkie hier onder.



Die hele Skrif ______________________________ en het groot waarde om in die ____________________________, ________________ te bestry, _______________________ reg te stel en 'n ______________ lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome _________________ en toegerus sal wees vir elke goeie werk.

- 2 Timoteus 3: 16-17

1. **Gebed:** Nooi **Heilige Gees** uit om jou by te staan terwyl jy verder lees deur **Jakobus**.

2. **Leeswerk:** Lees **Jakobus 3: 13-18** . Hierdie is net 5 verse wat jy vandag lees, maar die waarheid daarvan, is baie kosbaar.

3. **Skryf- en oordinktyd:** Skryf in jou eie woorde wat die volgende woorde beteken. Jy kan sinonieme gebruik of dit in 'n beskrywende sin gebruik.

| | |
|---|---|
| naywer (v.14) | |
| sinlik (v.15) | |
| demonies (v.15) | |
| wanorde (v.16) | |
| bedagsaam (v.17) | |
| onpartydig (v.17) | |

4. Lees **Spreuke 9:10** en skryf neer waar hemelse wysheid vir die mens begin.

*Net soos God wysheid het en volgens Sy wysheid optree, wil Hy hê dat ons, Sy kinders, ook so lewe en optree. Aan die ander kant van God staan die vyand (satan). Kom ons sê dat God LIG verteenwoordig en satan (die vyand) vertweenwoordig DONKER (duisternis). Kinders wat in God se LIG loop, sal soos Hy, goeie werke (dade) doen – so sal mens kinders van God herken. Aan die ander kant sal mense wat in die duisternis saam met satan loop, vuil en slegte werke doen – so sal jy hulle herken.*

5. Voltooi die blokke deur die tipe gedrag en optredes wat **verse 14 – 17** vir jou beskryf, te verdeel tussen kenmerke van 'n LIG of DUISTERE lewenswyse.

| WYSE OPTREDES VAN IEMAND WAT LOOP IN GOD SE LIG | WÊRELDSE OPTREDES VAN IEMAND WAT LOOP IN SATAN SE DUISTERNIS |
| --- | --- |
| | |

6. Voltooi die volgende sinne:

Ek wonder ____________________

Ek kom agter ____________________

____________________

Ek besef/lees vir die eerste keer dat ____________________

7. Is daar iets in jou lewe wat jy sal moet verander om meer soos vandag se verse te lewe? Verduidelik jou antwoord.

# Dag 7: Wêreldliefde & hoogmoed

Heilige Gees het mense deur eeue gehelp om die verskillende Bybelboeke te skryf. Daarom kan die vers in 2 Timoteus sê dat die Bybel deur God "geïnspireer" is, dit beteken dat God mense, deur Sy Gees gelei en gehelp het om die woorde van die Bybel neer te skryf. Kyk of jy die **vier redes** kry, hoekom die **Bybel baie waardevol** is.

Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om:

1. in die ______________________________,
2. ______________________________,
3. ______________________________ en
4. 'n ______________________________,

… sodat die man wat in diens van God staan,

volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.

- 2 Timoteus 3: 16-17



1. **Gebed:** Draai in jou hart na Heilige Gees. Hy is jou Onderwyser en wil jou graag die Bybel verduidelik en verstaanbaar maak sodat dit deel van jou lewe kan word. Vra Hom om jou te help en lei soos jy verder deur **Jakobus** lees.

2. **Leeswerk:** Lees **Jakobus 4: 1-10** rustig deur en dink oor elke vers soos jy daardeur lees.

3. **Skryf- en oordinktyd:** Verduidelik elke woord in jou eie sin of gee sinonieme om die betekenis van die woord duideliker of eenvoudiger vir jou te maak.

Selfsugtige begeertes (v.1&3) ______________________________

Bevredig (v.3) ______________________________

Nederiges (v.6) ______________________________

Onderwerp (v.7) ______________________________

Reinig (v.8) ______________________________

Verhoog (v.10) ______________________________



4. Lees weer die laaste sin van **vers 2**. Hierdie sin is in die ontkennende vorm om te wys hoekom gebede nie beantwoord word nie. Kan jy die sin oorskryf en die kernboodskap daaruit haal vir wat sal gebeur wanneer jy bid…

## Ek sal _________, wanneer ek ___________.

(sonder selfsugtige begeertes).


### *Twee koninkryke*

*Daar bestaan twee koninkryke in die geeswêreld. Die een is die Koninkryk van die Hemel, waar God heers. Die ander is die Koninkryk van die Wêreld waar Satan heers. Hierdie twee koninkryke is konstant in oorlog. Wanneer jy kies om deel te wees van een koninkryk, is die ander koninkryk jou vyand.* **Vers 4** *verduidelik vir jou mooi dat wanneer jy deel van God se koninkryk is, jy nie ook deel kan wees van die Wêreld (Satan) se koninkryk en gewoontes nie.*

*Lees weer* **vers 4** *en kyk of die betekenis daarvan vir jou duideliker geword het.*

5. Trek 'n rooi kring om en skryf jou naam by die Koninkryk waarvan jy kies om deel te wees en te verteenwoordig tydens jou lewe op aarde.

**Die Hemelse Koninkryk**



**Die Wêreldse Koninkryk**



6. Wanneer die vyand oorlog maak teen God se kinders, kan ons wen. **Vers 7** gee vir jou 'n "resep" (in volgorde), wat om te doen in sulke oorlogtye:

1. ____________________________________
2. ____________________________________
3. ____________________________________



7. Voltooi die sinne hier onder:

Ek wonder ____________________________________

Ek leer hieruit dat ______________________________

Ek verstaan nie ________________________________

# *Dag 8:* Kwaadpraat en afhanklikheid

Dink aan dinge wat vir jou baie waardevol is… dit kan iets soos jou bed wees. Of dalk is dit jou haarborsel. Ek is seker jou bord kos wat jy elke dag eet is baie waardevol, omdat dit jou laat groei. Mooi verhoudinge met mense (en diere) kan ook baie waardevol vir jou wees. Wanneer iets vir jou waardevol is, het dit gewoonlik vir jou groot waarde of betekenis in jou lewe. Hierdie vers in Timoteus verduidelik vir ons dat God se Woord baie waardevol vir 'n navolger van Jesus kan wees oor verskillende redes. Kyk of jy dit kan voltooi.

Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om:

1. in die ______________________________,
2. ______________________________,
3. ______________________________ en
4. 'n ______________________________,

… sodat die man wat in diens van God staan,

volkome voorberei en toegerus sal wees vir ______________.

- 2 Timoteus 3: 16-17



1. **Gebed:** Vra vir Heilige Gees in 'n een-sin gebed dat Hy Sy lig van Waarheid in jou hart sal skyn soos wat jy deur **Jakobus** lees.
2. **Leeswerk:** Lees **Jakobus 4: 11 – 17** rusitg deur. Stop en dink na oor elke vers soos jy daardeur lees.
3. **Oordink en skryftyd:** **Vers 11** raai jou af om nie 'kwaad van ander' te praat nie. Verduidelik in jou eie woorde hoe jy kan kwaadpraat van iemand.


______________________________

______________________________

4. Watse beroep of beroep(e) sal jy graag eendag wil hê? (bv. haarkapster / boer / veearts / onderwyser / verpleegster / argitek / ontwerper)?

______________________________

______________________________



5. Vertel in 'n paragraaf meer oor **hoe jy droom jou lewe eendag gaan lyk** wanneer jy groot is. Waar sal jy wil bly? Hoe moet hou huis lyk? Sal jy dalk wil trou?



*Wanneer jou ma die ketel aansit om vir haar koffie of tee te maak, het jy al seker gesien wat gebeur wanneer die water kook: daar kom 'n klein wolkie (stoom) by die tuit van die ketel uit! Wat gebeur na 'n rukkie met hierdie 'stoomwolkie' (waterdamp)?*

6. Verduidelik in jou eie woorde wat **vers 14** bedoel wanneer Jakobus sê: *"julle is maar 'n damp wat 'n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn".*

______________________________________________________________

7. Jakobus leer jou dat jy nie maar net jou eie planne kan maak en dan dink dat alles altyd presies so sal uitwerk soos wat jy beplan het nie. In **vers 16** sê hy hoekom dit verkeerd is om so jou eie lewe te wil beplan en te beheer. Hy sê dat wanneer jy so lewe jy:

" te ______________________________ is en _______________ praat."

… en dat dit verkeerd is.

8. Lees weer **vers 17** en verduidelik dit wat daar staan (die betekenis daarvan) in jou eie woorde. Gee 'n voorbeeld van hoe jy dié vers in jou eie lewe kan toepas.



**Jakobus 4:17**

# *Dag 9:* Waarskuwing & volhard

Wanneer ons die pad saam met Jesus stap, kan dit gebeur dat die vyand ons van die pad af wil 'trek' (verlei of mislei). Hy kon dit regkry met Eva, reg aan die begin van die skepping! Dit is presies hoekom God vir Sy kinders die Bybel gegee het, sodat hulle daarin kan lees hoe om reg te lewe (regte lewenswyse te kweek) – volgens Sy wil. Dit is hoekom ons vers in 2 Timoteus ons leer dat die Bybel (of God se Woord/die Skrif), waardevol is om mense die regte waarhede te leer oor wie God is en hoe Hy met die mens omgaan. Die Bybel leer jou ook **hoe** om die misleidende gedrag van die vyand te herken en **hoe** om jou lewe reg te maak (reg te stel), indien jy dalk op 'n verkeerde pad afgedraai het, weg van God.
Voltooi 2 Timoteus 3:16-17 in die blokkie.

Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om:

1. in die ________________________________________,
2. ________________________________________,
3. ________________________________________ en
4. 'n ________________________________________,

… sodat ________________________________________,

volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.

- 2 Timoteus 3: 16-17

1. **Gebed**: Nooi Heilige Gees uit om saam met jou deur vandag se Bybelgedeelte te lees. Vra Hom om vir jou dit wat jy lees, te verduidelik, sodat jy dit kan onthou en deel van jou lewe kan maak.

2. **Leeswerk**: Lees **verse 1-11** van **Jakobus 5** hardop deur in jou Bybel.

3. **Skryf- en oordinktyd**: Som op in jou eie woorde, dít waarteen Jakobus ryk mense waarsku (**verse 1 tot 6**).

4. Lees weer **vers 4** en verduidelik in jou eie woorde **hoekom Jakobus jou leer dat hierdie optrede nie reg is nie.** (**1 Timoteus 5:18** leer ons ook hoe om iemand wat vir jou werk te behandel - "Die arbeider is geregtig op sy loon".)

______________________________________________

______________________________________________

5. Verduidelik (in jou eie woorde) wat die volgende woord beteken:

"Volhard"

(vers 11)

*Partykeer is dit nodig om te wag totdat die regte tyd aanbreek. Dink maar aan vakansietyd, of aan die tyd wat jou familie of beste maat kom kuier. Deur die week moet jy geduldig wag vir die lekker naweek om aan te breek, omdat julle dalk net naweke braaivleis braai of rivier toe gaan om vis te vang! Om te wag kan somtyds moeilik wees...*

6. KLA jy parykeer oor mense, dinge of omstandighede? __________ Wat leer **vers 9** jou? ______________________________________________

7. Lees nou ook **Filipense 2:14** en skryf dit op die lyn neer. Is jy gehoorsaam aan dit wat hierdie verse jou leer? ______________________________________________

______________________________________________

8. Hoekom dink jy wil God jou leer om nie so te KLA oor omstandighede of mense nie?

______________________________________________

Ek besef vir die eerste keer dat ______________________________________________

______________________________________________

Ek dink God wil vir my vandag sê dat ______________________________________________

______________________________________________

# *Dag 10:* Jou woorde en gebed

Skryf 2 Timoteus 3:16-17 in die blokkie. Probeer om dit uit jou kop neer te skryf. Jy mag maar in jou Bybel loer wanneer jy 'n woord of sin vergeet het! ☺

Die hele Skrif is ______________________________ en

________________ in die ______________________,

_____________________________,

v__________________________ en 'n regte ________

___________________, sodat ____________________

___________________________,

_________________________ en _________________

vir elke goeie werk. - 2 Timoteus 3: 16-17



1. **Gebed:** Draai na Heilige Gees in 'n kort gebed en vra Sy hulp en leiding soos wat jy nou met die Woord van God besig gaan word.

2. **Leeswerk:** Lees elke vers van die laaste gedeelte van **Jakobus 5 (verse 12 tot 20)** hardop en luisterend deur. Stop na elke vers en dink oor dit wat daar staan. Hoe verstaan jy dit? Wat hoor jy sê God vir jou daardeur?

3. **Skryf en oordinktyd:** **Vers 12** leer jou dat jou 'ja', 'ja' moet wees en jou 'nee', beslis 'nee'. Dit moet nie eens vir jou nodig wees om beloftes te maak sodat ander mense seker is jy praat die waarheid wanneer jy iets vertel nie. God wil hê dat ons woorde opreg en betroubaar moet wees, net soos elkeen van Sy Woorde en beloftes aan ons. Lees **Psalm 33:4**. Wat leer dit vir jou oor God se woorde? ________________________________________

4. Hoe kan jy **jou gesprekke (woorde) aanpas** volgens hierdie voorbeeld wat God stel deurdat Hy, dit wat Hy sê Hy sal doen, laat gebeur.

________________________________________________________

________________________________________________________

5. Skryf **vers 16b** neer in die sirkel hier onder.

JAKOBUS 5:16B

6. Beantwoord die volgende vragies oor jou gebedslewe :

| | |
|---|---|
| Hoeveel keer op 'n dag bid jy? Skryf neer wanneer jy bid. | |
| Bid jy gewoonlik oor dieselfde dinge? Skryf 'n paar dinge neer waaroor jy gereeld bid. | |
| Glo jy dat dit waarvoor jy bid, regtig kan gebeur? Vertel hoekom jy glo of hoekom jy nie glo nie... | |
| Dink jy gebed is tydmors? Of is dit waardevol? Hoekom sê jy so? | |
| Glo jy dat God elke keer jou gebed hoor wanneer jy bid, selfs al bid jy in jou gedagtes? Vertel hoekom jy so dink. | |

7. Dalk het dit al met jou gebeur dat jy gesien het hoe 'n maat beplan om dinge te doen wat jy wéét verkeerd is en op 'n ramp gaan afstuur. Lees nou **verse 19-20** en vertel wat jy hier leer, **wat jou verantwoordelikheid is** wanneer jy sien of hoor dat mense wil optree téén dit wat God vir sy kinders leer. Skryf **die kernboodskap wat hierdie verse jou leer** in die blokkie.

& Gees
Heuningsoet Woord
Psalm 19:10&11

**deur Carien Stander**

www.thedesertcall.com